



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

SEGMENTVERSLAGDOENING

(AERP 18)

Uitgegeef deur die
Raad op Rekeningkundige Standaarde
Februarie 2011



AERP 18

Erkenning

Die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* berus hoofsaaklik op die International Financial Reporting Standard oor *Operating Segments* (IFRS 8) wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is. Die goedgekeurde teks van die IFRS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is en eksemplare kan verkry word van:

IFRS Foundation
30 Cannon Street
London, EC4M 6XH
United Kingdom
Internet: <http://www.ifrs.org>

Kopiereg vir IFRS, vertolkings, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is in die IFRS Foundation gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) het ook geput uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Segment Reporting* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Segment Reporting* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants
545 Fifth Avenue, 14th Floor
New York, New York 10017 USA
Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.



AERP 18

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2011 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktijk Segmentverslagdoening

	Paragraawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 – .04
Woordomskrivings	.05
Segmente	.06 – .13
Rapporteerbare segmente	.14 – .17
Maatstawwe vir samevoeging	.15 – .17
Openbaarmaking	.18 – .23
Algemene inligting	.20
Inligting oor surplus of tekort, bates en laste	.21 – .23
Meting	.24 – .29
Rekonsiliasies	.27
Hersamestelling van voorheen gerapporteerde inligting	.28 – .29
Entiteitwye openbaarmakings	.30 – .32
Inligting oor geografiese gebiede	.31 – .32
Oorgangsbepalings	.33
Datum van inwerkingtrede	.34
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Segmentverslagdoening</i> (2005)	.35
Bylae 1 – Verduidelikende segmentopenbaarmakings	
Bylae 2 – Gevolglike wysigings aan Standaarde van AERP	
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Financial Reporting Standard oor <i>Operating</i>	



AERP 18

Segments (November 2006)

SEGMENTVERSLAGDOENING

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geotrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

AERP 18

Die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* word in paragraaf .01 tot .35 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos dit in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om beginsels vir verslagdoening oor finansiële inligting in segmente neer te lê. Die openbaarmaking van hierdie inligting sal:
- (a) gebruikers van die finansiële state in staat stel om die entiteit se vorige prestasie beter te verstaan, ten einde die aard en finansiële gevolge van die bedrywighede waarby hy betrokke is, asook die ekonomiese omgewings waarin hy bedrywig is, te evalueer;
 - (b) die hulpbronne wat toegewys is om die groot bedrywighede van die entiteit te ondersteun, identifiseer en help met die neem van besluite oor die toewysing van hulpbronne; en
 - (c) die deursigtigheid van finansiële verslagdoening verhoog en die entiteit in staat stel om beter aan sy verpligtinge rakende rekenpligtigheid te voldoen.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die aanbieding van segmentinligting.*
- .03 *Hierdie Standaard is van toepassing op die afsonderlike of individuele finansiële state van 'n entiteit en die gekonsolideerde finansiële state van 'n ekonomiese entiteit.*
- .04 Indien 'n finansiële verslag sowel die gekonsolideerde finansiële state as die afsonderlike finansiële state van 'n beherende entiteit bevat, is segmentinligting slegs in die gekonsolideerde finansiële state nodig.

Woordomskrywings

- .05 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

'n Segment is 'n aktiwiteit van 'n entiteit:

- (a) *wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal genereer (met inbegrip van*

ekonomiese voordele of dienspotensiaal met betrekking tot transaksies tussen aktiwiteite van dieselfde entiteit);

(b) wie se resultate gereeld deur die bestuur hersien word om besluite te neem oor hulpbronne wat aan daardie aktiwiteit toegewys moet word, en in die evaluering van sy prestasie; en

(c) waarvoor afsonderlike finansiële inligting beskikbaar is.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde gebruik.

Segmente

- .06 Entiteite beheer belangrike openbare hulpbronne en is bedrywig by die verskaffing van 'n groot verskeidenheid goedere en dienste in verskillende geografiese gebiede en in streke met uiteenlopende sosio-ekonomiese kenmerke. Van entiteite word verwag om toegewysde hulpbronne doeltreffend en doelmatig te gebruik om hul doelwitte te bereik. Gekonsolideerde finansiële state wat alle aspekte van 'n entiteit raak, bied 'n oorsig oor die bates wat beheer word en die verpligtinge wat deur die verslagdoenende entiteit aangegaan word, die koste van dienste wat gelewer word en die belastinginkomste, begrotingstoewysings en kosteverhalings wat gegenereer word om die lewering van daardie dienste te befonds. Hierdie saamgevoegde gegewens bied moontlik egter nie inligting oor die spesifieke bedryfsdoelwitte en groot aktiwiteite van die verslagdoenende entiteit en die hulpbronne gewy aan en koste van daardie doelwitte en aktiwiteite nie.
- .07 Omdat die bedrywighede van die entiteit dikwels wyd uiteenlopend is en onderneem word in 'n groot verskeidenheid geografiese gebiede met verskillende sosio-ekonomiese kenmerke, is dit nodig om niesaamgevoegde finansiële en niefinansiële inligting oor bepaalde segmente van die entiteit te vermeld. Dit verskaf tersaaklike inligting vir rekenpligtigheids- en besluitnemingsdoeleindes.
- .08 Nie elke deel van 'n entiteit is noodwendig 'n segment of deel van 'n segment nie. 'n Administratiewe eenheid of funksionele departement onderneem moontlik nie aktiwiteite van 'n entiteit wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal genereer nie. As gevolg daarvan kan hierdie aktiwiteite moontlik nie gereeld deur die bestuur van die entiteit hersien word nie. Hierdie aktiwiteite word nie as segmente getoon nie, aangesien hulle nie aan die omskrywing van 'n segment in paragraaf .05 voldoen nie.
- .09 Vir doeleindes van hierdie Standaard is 'n entiteit se na-aftredevoordeelplanne nie segmente nie.
- .10 Baie entiteite is op grond van die omskrywing van 'n segment in paragraaf .05 in staat om hul segmente duidelik te identifiseer. 'n Entiteit kan egter verslae die lig laat sien waarin sy aktiwiteite op verskillende maniere aangebied word. As die bestuur

meer as een stel segmentinligting gebruik, kan ander faktore 'n enkele stel aktiwiteite identifiseer wat 'n entiteit se segmente uitmaak, met inbegrip van die aard van daardie aktiwiteite, die bestaan van bestuurders wat daarvoor verantwoordelik is en ander inligting wat vir hulle aangebied word.

- .11 Die kenmerke van 'n segment in paragraaf .05 kan van toepassing wees op twee of meer ooreenstemmende stelle aktiwiteite waarvoor bestuurders verantwoordelik gehou word. So 'n struktuur word soms 'n matriksvorm-organisasie genoem. In sekere entiteite is van die bestuurders byvoorbeeld verantwoordelik vir verskillende goedere- en dienslyne oor geografiese gebiede heen, terwyl ander vir spesifieke geografiese gebiede verantwoordelik is. Die bestuur kan die resultate van beide stelle komponente gereeld nagaan, en finansiële inligting is vir albei beskikbaar.
- .12 Verslagdoening oor meer as een soort segment in die eksterne finansiële state kan nuttige inligting verskaf indien die prestasie van 'n entiteit se doelstellings sterk deur die verskillende segmente geraak word.
- .13 Waar 'n entiteit meer as een stel segmente identifiseer, soos in paragraaf .11 beskryf, kan daar afsonderlik of as 'n matriks oor hulle verslag gedoen word. Daarbenewens kan 'n primêre en sekondêre segmentverslagdoeningstruktuur aanvaar word waar slegs beperkte openbaarmakings oor sekondêre segmente gedoen word.

Rapporteerbare segmente

- .14 'n Entiteit moet ooreenkomstig paragraaf .06 tot .13 inligting oor elke segment wat geïdentifiseer is, afsonderlik in 'n verslag vermeld, of die resultate van die samevoeging van twee of meer van daardie segmente ooreenkomstig paragraaf .15 rapporteer.***

Maatstawwe vir samevoeging

- .15 'n Entiteit kan segmente saamvoeg indien die segmente vergelykbare ekonomiese kenmerke het en die meeste van die samevoegingsmaatstawwe deel wat in paragraaf .16 aangetoon word, of individueel onbelangrik is en 'n praktiese limiet ooreenkomstig paragraaf .17 bereik is.
- .16 Twee of meer segmente kan tot 'n enkele segment saamgevoeg word as samevoeging ooreenstem met die doelstelling van hierdie Standaard en die segmente oor vergelykbare ekonomiese kenmerke beskik, en die meeste van die volgende deel:
 - (a) die aard van die goedere en/of dienste wat gelewer word;
 - (b) die soort of klas klant of verbruiker aan wie goedere en dienste gelewer word;
 - (c) die metodes wat gebruik word om die goedere te versprei of die dienste te lewer;

of

(d) indien van toepassing, die aard van die regulatoriese omgewing wat op die segment van toepassing is.

- .17 Daar kan 'n praktiese perk wees op die getal segmente waarvoor verslag gedoen word en wat 'n entiteit afsonderlik openbaar maak, waarna segmentinligting te gedetailleerd raak. Daar is geen presiese perk vasgestel nie, maar as die getal segmente waarvoor ooreenkomstig paragraaf .14 verslag gedoen moet word tot meer as tien toeneem, moet die entiteit weer besin of bykomende segmentering nuttige en tersaaklike inligting bied.

Openbaarmaking

.18 'n Entiteit moet inligting openbaar maak om gebruikers van sy finansiële state in staat te stel om die aard en finansiële gevolge van die bedrywighede waarby hy betrokke is, asook die ekonomiese omgewings waarin hy bedrywig is, te evalueer.

.19 Om uitvoering te gee aan die beginsel in paragraaf .18 moet 'n entiteit die volgende openbaar maak:

(a) algemene inligting soos in paragraaf .20 beskryf;

(b) inligting oor 'n gerapporteerde segmentsurplus of -tekort, met inbegrip van gespesifiseerde inkomste en uitgawes wat by gerapporteerde segmentsurplus of -tekort, segmentbates, segmentlaste en die grondslag van meting ingesluit is, soos in paragraaf .21 tot .23 beskryf; en

(c) rekonsiliasies van die totale van segmentinkomste, gerapporteerde segmentsurplus of -tekort, segmentbates, segmentlaste en ander wesentliche segmentitems met ooreenstemmende entiteitsbedrae soos in paragraaf .27 beskryf.

Rekonsiliasies van die bedrae in die staat van finansiële stand vir rapporteerbare segmente met die bedrae in die entiteit se staat van finansiële stand word vereis vir elke datum waarop 'n staat van finansiële stand aangebied word. Inligting vir vorige tydperke moet hersaamgestel word soos in paragraaf .28 en .29 beskryf.

Algemene inligting

.20 'n Entiteit moet die volgende algemene inligting openbaar maak:

(a) faktore wat gebruik word om die entiteit se rapporteerbare segmente te identifiseer, met inbegrip van die grondslag van organisasie (byvoorbeeld of die bestuur gekies het om die entiteit rondom verskille in goedere en/of

dienste, geografiese gebiede, regulatoriese omgewings of 'n kombinasie van faktore te organiseer);

- (b) of segmente saamgevoeg is, en die grondslag van die samevoeging; en*
- (c) tipes goedere en/of dienste wat deur elke segment gelewer word.*

Inligting oor surplus of tekort, bates en laste

.21 *'n Entiteit moet vir elke rapporteerbare segment die hoeveelheid surplus of tekort aantoon. 'n Entiteit moet vir elke rapporteerbare segment die hoeveelheid bates en laste aantoon indien sodanige bedrag gereeld aan die bestuur verskaf word. 'n Entiteit moet ook oor elke rapporteerbare segment die volgende openbaar maak indien die gespesifiseerde bedrae ingesluit is in die meting van segmentsurplus of -tekort waarvan die bestuur 'n oorsig gedoen het, of wat andersins gereeld aan die bestuur voorgelê is, selfs as dit nie by daardie hoeveelheid segmentsurplus of -tekort ingesluit is nie:*

- (a) eksterne inkomste uit nie-uitruiltransaksies;*
- (b) eksterne inkomste uit uitruiltransaksies;*
- (c) inkomste uit transaksies met ander segmente in dieselfde entiteit;*
- (d) rente-inkomste;*
- (e) rente-uitgawes;*
- (f) waardevermindering en amortisasie;*
- (g) wesenlike inkomste- en uitgawe-items wat ooreenkomstig paragraaf .97 van die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State (2010) bekendgemaak word;*
- (h) die entiteit se belang in die surplus of tekort van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings wat deur middel van die ekwiteitsmetode in rekening gebring word;*
- (i) inkomstebelastinguitgawes (indien toepaslik); en*
- (j) ander wesenlike niekontantitems as waardevermindering en amortisasie.*

.22 *'n Entiteit moet rente-inkomste afsonderlik van rente-uitgawes aantoon vir elke segment waarvoor verslag gedoen is, tensy 'n meerderheid van die segment se inkomste van rente afkomstig is, en die bestuur hoofsaaklik op netto rente-inkomste staatmaak om die prestasie van die segment te evalueer en besluite te neem oor hulpbronne wat aan die segment toegedeel moet word. In so 'n situasie kan 'n entiteit segmentrente-inkomste na aftrekking van rente-uitgawes aantoon en dan openbaar maak dat dit so gedoen is.*

.23 *'n Entiteit moet oor elke rapporteerbare segment die volgende openbaar maak*

indien die gespesifiseerde bedrae ingesluit is by die hoeveelheid segmentbates waarvan 'n oorsig deur die bestuur gedoen is, of wat andersins gereeld aan die bestuur voorgelê is, selfs as dit nie by daardie segmentbates ingesluit is nie:

- (a) die beleggingsbedrag in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings wat deur die ekwiteitsmetode in rekening gebring is; en*
- (b) die bedrae van toevoegings tot niebedryfsbates¹ buiten finansiële instrumente, uitgesteldebelaasting-bates (waar toepaslik), na-aftredevoordeelbates (kyk Standaard van AERP oor Werknemervoordele) en regte wat voortspruit ingevolge versekeringskontrakte.*

Meting

- .24 Die bedrag van elke segmentitem wat gerapporteer is, moet die meting wees wat by die bestuur aangemeld word vir die doel van besluitneming oor die toewysing van hulpbronne aan die segment en die evaluering van die prestasie daarvan. Aansuiwerings en uitskakelings wat gemaak word ter voorbereiding van 'n entiteit se finansiële state en toewysings van inkomste en uitgawes moet ingesluit word by die vasstelling van gerapporteerde segmentsurplus of -tekort slegs indien dit ingesluit word in die meting van die segment se surplus of tekort wat deur die bestuur gebruik word. Insgelyks moet slegs daardie bates en laste wat by die meting van die segment se bates ingesluit is en die segment se laste wat deur die bestuur gebruik word, vir daardie segment gerapporteer word. Indien bedrae toegedeel word aan gerapporteerde segmentsurplus of -tekort, -bates of -laste, moet daardie bedrae op 'n redelike grondslag toegedeel kan word.*
- .25 Indien die bestuur slegs een meting gebruik van 'n segment se surplus of tekort, die segment se bates of die segment se laste by die evaluering van segmentprestasie en die besluit oor die manier waarop hulpbronne toegedeel moet word, moet segmentsurplus of -tekort, -bates en -laste ooreenkomstig daardie meting gerapporteer word. Indien die bestuur meer as een meting van 'n segment se surplus of tekort, die segment se bates of die segment se laste gebruik, moet die gerapporteerde metings dié wees wat na die oordeel van die bestuur bepaal word ooreenkomstig die metingsbeginsels wat die meeste ooreenstem met dié wat by die meting van die ooreenstemmende bedrae in die entiteit se finansiële state gebruik word.*
- .26 'n Entiteit moet vir elke rapporteerbare segment 'n verduideliking verskaf van die metings van die segmentsurplus of -tekort, segmentbates en segmentlaste. 'n Entiteit moet ten minste die volgende openbaar maak:*

¹ Vir bates wat ooreenkomstig 'n likiditeitsaanbieding geklassifiseer is, is niebedryfsbates bates wat bedrae insluit wat na verwagting meer as twaalf maande ná die verslagdoeningstydperk verhaal sal word.

- (a) *Die rekeningkundige grondslag vir enige transaksies tussen rapporteerbare segmente.*
- (b) *Die aard van enige verskille tussen die metings van die rapporteerbare segmente se surplus of tekort en die entiteit se surplus of tekort en gestaakte bedrywighede (indien dit nie duidelik uit die rekonsiliasies blyk wat in paragraaf .27 beskryf word nie). Daardie verskille sou kon insluit rekeningkundige beleide en beleide vir die toedeling van sentraal aangegeane koste wat vir die verstaan van die gerapporteerde segmentinligting nodig is.*
- (c) *Die aard van enige verskille tussen die metings van die rapporteerbare segmente se bates en die entiteit se bates (indien dit nie duidelik blyk uit die rekonsiliasies wat in paragraaf .27 beskryf word nie). Daardie verskille sou kon insluit rekeningkundige beleide en beleide vir die toedeling van gemeenskaplik gebruikte bates wat vir die verstaan van die gerapporteerde segmentinligting nodig is.*
- (d) *Die aard van enige verskille tussen die metings van die rapporteerbare segmente se laste en die entiteit se laste (indien dit nie duidelik blyk uit die rekonsiliasies wat in paragraaf .27 beskryf word nie). Daardie verskille sou kon insluit rekeningkundige beleide en beleide vir die toedeling van gemeenskaplik gebruikte laste wat vir die verstaan van die gerapporteerde segmentinligting nodig is.*
- (e) *Die aard van enige veranderinge van vorige tydperke in die meetmetodes wat gebruik word om gerapporteerde segmentsurplus of -tekort vas te stel en die gevolge, indien daar is, van daardie veranderinge op die meting van segmentsurplus of -tekort.*
- (f) *Die aard en uitwerking van enige asimmetriese toedelings aan rapporteerbare segmente. 'n Entiteit kan byvoorbeeld waardeverminderingensuitgawes aan 'n segment toedeel sonder om die verwante afskryfbare bates aan daardie segment toe te deel.*

Rekonsiliasies

.27 'n Entiteit moet rekonsiliasies van al die volgende verskaf:

- (a) *Die totaalbedrag van die rapporteerbare segmente se inkomste met die entiteit se inkomste.*
- (b) *Die totaalbedrag van die rapporteerbare segmente se metings van surplus of tekort met die entiteit se surplus of tekort voor gestaakte bedrywighede. As 'n entiteit egter aan rapporteerbare segmente items soos belastinguitgawes (waar toepaslik) toedeel, kan die entiteit die totaalbedrag van die segmente se metings van surplus of tekort ná daardie items met die entiteit se surplus of tekort rekonsilieer.*

- (c) *Die totaalbedrag van die rapporteerbare segmente se bates met die entiteit se bates as segmentbates ooreenkomstig paragraaf .21 gerapporteer word.*
- (d) *Die totaalbedrag van die rapporteerbare segmente se laste met die entiteit se laste as segmentlaste ooreenkomstig paragraaf .21 gerapporteer word.*
- (e) *Die totaalbedrag van die rapporteerbare segmente se bedrae vir elke wesenlike item inligting wat openbaar gemaak word met die ooreenstemmende bedrag vir die entiteit.*

Alle wesenlike rekonsiliërende items moet afsonderlik geïdentifiseer en beskryf word. Die bedrag van elke wesenlike aansuiwering wat nodig is om rapporteerbare segmentsurplus of -tekort te rekonsilieer met die entiteit se surplus of tekort wat uit verskillende rekeningkundige beleide voortspruit, moet afsonderlik geïdentifiseer en beskryf word.

Hersamestelling van voorheen gerapporteerde inligting

- .28 Indien 'n entiteit die struktuur van sy interne organisasie op so 'n manier verander dat dit meebring dat die samestelling van sy rapporteerbare segmente verander, moet die ooreenstemmende inligting vir vroeër tydperke hersaamgestel word, tensy die inligting nie beskikbaar is nie en die koste om dit te ontwikkel buitensporig sou wees. Vastelling of die inligting nie beskikbaar is nie en of die koste om dit te ontwikkel buitensporig sal wees, moet gedoen word vir elke individuele openbaarmakingsitem. Ná 'n verandering in die samestelling van sy rapporteerbare segmente moet 'n entiteit openbaar maak of hy die ooreenstemmende segmentinligtingsitems vir vroeëre tydperke hersaamgestel het.*
- .29 As 'n entiteit die struktuur van sy interne organisasie op so 'n manier verander het dat dit meebring dat die samestelling van sy rapporteerbare segmente verander, en as segmentinligting vir vroeëre tydperke nie hersaamgestel is om die verandering weer te gee nie, moet die entiteit segmentinligting vir die lopende tydperk op sowel die ou grondslag as die nuwe grondslag van segmentering openbaar maak, tensy die nodige inligting nie beskikbaar is nie en die koste om dit te ontwikkel buitensporig sou wees. Dit moet gedoen word in die jaar waarin die verandering voorkom.*

Openbaarmakings oor entiteite

- .30 Paragraaf .31 en .32 het betrekking op alle entiteite, met inbegrip van dié wat 'n enkele rapporteerbare segment het. Sommige entiteite se aktiwiteite is nie georganiseer op grond van verskille in geografiese gebiede van bedrywighede nie. Inligting wat deur paragraaf .31 en .32 vereis word, moet slegs verskaf word as dit nie as deel van die rapporteerbare segmentinligting verskaf word wat deur hierdie Standaard verlang word nie, of as dit nie elders in die*

finansiële verslag vermeld word nie.

Inligting oor geografiese gebiede

- .31 'n Entiteit moet openbaar maak in watter die geografiese gebiede hy bedrywig is en wat vir besluitnemingsdoeleindes tersaaklik is, met inbegrip van lande in die buiteland.**
- .32 'n Entiteit moet die volgende geografiese inligting vermeld, tensy die nodige inligting nie beskikbaar is nie en die koste van die ontwikkeling daarvan buitensporig sou wees:**
- (a) eksterne inkomste uit nie-uitruiltransaksies en eksterne inkomste uit uitruiltransaksies wat toegeskryf kan word aan die geografiese gebiede waarin hy bedrywig is;**
 - (b) totale besteding wat aan die geografiese gebiede toegeskryf kan word; en**
 - (c) niebedryfsbates,² buiten finansiële instrumente, uitgesteldebelaasting-bates (waar toepaslik), na-aftredevoordeelbates, en regte wat voortspruit uit versekeringskontrakte vir die geografiese gebiede.**

Die bedrae wat gerapporteer word, moet gegrond wees op die finansiële inligting wat gebruik word om die entiteit se finansiële state te lewer. Indien die nodige inligting nie beskikbaar is nie en die koste om dit te ontwikkel buitensporig sou wees, moet dit bekendgemaak word. 'n Entiteit kan subtotale van geografiese inligting vir die groepe geografiese gebiede verskaf.

² Vir bates wat ooreenkomstig 'n likiditeitsaanbieding geklassifiseer is, is niebedryfsbates bates wat bedrae insluit wat na verwagting meer as twaalf maande ná die verslagdoeningstydperk verhaal sal word.

Uitgegee deur die

Raad op Rekeningkundige Standaarde
Februarie 2011 17

Oorgangsbepalings

- .33 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepaling van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Datum van inwerkingtrede

- .34 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening (2005)

- .35 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening wat in Maart 2005 uitgegee is.*

Bylae 1 – Verduidelikende segmentopenbaarmakings

Die bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel van die Standaard uit nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig en om te help met die opheldering van die betekenis daarvan.

Inleiding

Die tabelle en aantekeninge lig segmentopenbaarmakings toe wat hierdie Standaard sou vereis van 'n onderwysentiteit wat hoofsaaklik deur bewilliging befonds word, maar sommige onderwysdienste op 'n kommersiële grondslag aan die werknemers van groot korporasies lewer, en wat by 'n kommersiële onderneming aangesluit het om 'n privaat onderwysstigting tot stand te bring wat op 'n kommersiële grondslag bedryf word. Die entiteit het die beduidende invloed binne die stigting, maar beheer dit nie.

Segmentdata word vereis vir elke jaar waarin 'n volledige stel finansiële state aangebied word. Paragraafverwysings is na die onderskeie vereistes in hierdie Standaard.

Algemene inligting (paragraaf .20)

Die entiteit word georganiseer en doen aan die bestuur verslag op grond van vier groot funksionele gebiede: primêre, sekondêre, tersiêre en spesiale onderwysdienste. Die segmente is rondom die soort diens wat gelewer word en die teikenmark georganiseer. Die bestuur gebruik dieselfde segmente vir die vasstelling van strategiese doelwitte. Segmente is nie vir verslagdoeningsdoeleindes saamgevoeg nie.

Bedrywighede van die spesiale onderwysdienssegmente sluit die lewering in van onderwysdienste op 'n kommersiële grondslag aan die werknemers van groot korporasies. By die lewering van hierdie dienste aan eksterne partye maak die kommersiëledienste-eenheid van die segment op 'n betaling-vir-dienstegrondslag gebruik van dienste gelewer deur die primêre, sekondêre en tersiêre segmente. Hierdie intersegmentoordragte word met konsolidasie uitgeskakel.

Inligting wat oor hierdie segmente voorgelê word, word deur die bestuur gebruik as 'n grondslag vir die evaluering van die segmente se prestasies en vir die neem van besluite oor die toedeling van hulpbronne. Die openbaarmaking van inligting oor hierdie segmente word ook beskou as geskik vir eksterne verslagdoening.

Inligting oor surplus of tekorte, bates en laste (paragraaf .21 en .23) en rekonsiliasies (paragraaf .27)

20X2 R'000	Primêr	Sekondêr	Tersiêr	Spesiale Dienste	Uitskakeling s	TOTAAL
INKOMSTE						
Inkomste uit nie-uitruiltransaksies	29	19	22	17		
Inkomste uit uitruiltransaksies	3	2	-	9		14
Intersegmentoordragte	6	4	6	4	(20)	-
Aandeel van surplusse van geassosieerdes				8		8
Totale segmentinkomste	38	25	28	38	(20)	109
UITGAWES						
Salarisse en lone	(23)	(16)	(13)	(15)		(67)
Waardevermindering en amortisasie	(5)	(4)	(5)	(6)		(20)
Ander uitgawes	(7)	(5)	(10)	(7)	20	(9)
Totale segmentuitgawes	(35)	(25)	(28)	(28)	20	(96)
Totale segmentsurplus	3	-	-	10	-	13
Rente-inkomste						2
Ander ontoegewese inkomste						9
Rente-uitgawes						(4)
Ontoegewese uitgawes						(7)
Surplus vir die tydperk	3	-	-	10	-	13
BATES						
Segmentbates	32	22	34	20		108
Belegging in geassosieerdes (ekwiteitsmetode)				32		32
Ontoegewese bates						35
Totale bates						175
LASTE						
Segmentlaste	15	10	8	9		42
Ontoegewese laste						40
Totale laste						82
ANDER INLIGTING						
Kapitaalbesteding*	7	5	3	7		
Niekontantitems met uitsluiting van waardevermindering						
Opgehoopte uitgawes	(5)	(3)	(3)	(3)		
Uitgestelde inkomste	0	0	-	1		

* Toevoegings tot finansiële instrumente en na-aftredevoordeelbates uitgesluit
 Uitgegee deur die
 Raad op Rekeningkundige Standaarde
 Februarie 2011 20

20X1 R'000	Primêr	Sekondêr	Tersiêr	Spesiale Dienste	Uitskakeling s	TOTAAL
SEGMENTINKOMSTE						
Inkomste uit nie-uitruiltransaksies	24	16	23	17		80
Inkomste uit uitruiltransaksies	2	2	-	6		10
Intersegmentoordragte	4	2	7	6	(19)	-
Aandeel van surplusse van geassosieerdes				7		7
Totale segmentinkomste	30	20	30	36	19	97
SEGMENTUITGAWES						
Salarisse en lone	(19)	(12)	(13)	(15)		(59)
Waardevermindering en amortisasie	(4)	(3)	(7)	(4)		(18)
Ander uitgawes	(7)	(4)	(9)	(7)	19	(8)
Totale segmentuitgawes	(30)	(19)	(29)	(26)	19	(85)
Rente-inkomste						2
Ander ontoegewese inkomste						7
Rente-uitgawes						(4)
Ontoegewese uitgawes						(7)
Surplus vir die tydperk	-	1	1	10	-	10
BATES	0	0				
Segmentbates	30	20	30	19		99
Belegging in geassosieerdes (ekwiteitsmetode)				26		26
Ontoegewese bates						30
Totale bates						155
LASTE						
Segmentlaste	9	6	11	9		35
Ontoegewese laste						55
Totale laste						90
ANDER INLIGTING						
Kapitaalbesteding*	6	4	5	3		
<i>Niekontantitems met uitsluiting van waardevermindering</i>						
Opgehoopde uitgawes	(1)	(1)	(3)	(3)		
Uitgestelde inkomste	-	-	-	1		-

Meting van segmentsurplus of tekort, bates en laste (paragraaf .24 tot .26)

Die rekeningkundige beleide van die segmente is dieselfde as dié wat in die opsomming van beduidende rekeningkundige beleide beskryf is, behalwe dat pensioenuitgawes vir elke segment op grond van kontantbetalings aan die pensioenplan erken en gemeet word.

Intersegmentoordragte: segmentinkomste en segmentuitgawes sluit inkomste en uitgawes in wat voortspruit uit oordragte tussen segmente. Sodanige oordragte word gewoonlik teen kosprys in rekening gebring en word by konsolidasie uitgeskakel. Die bedrag van hierdie oordragte was R20 miljoen (R19 miljoen in 20X1).

Beleggings in geassosieerdes word met behulp van die ekwiteitsmetode in rekening gebring: die entiteit besit 40% van die aandele van AfricaED Bpk, 'n spesialis- opvoedkundige stigting wat onderwysdienste internasionaal op 'n kommersiële grondslag op kontrak aan multilaterale uitleenagentskappe lewer. Die belegging in en die entiteit se aandeel van AfricaED se netto wins is uitgesluit uit segmentbates en segmentinkomste. Dit word afsonderlik aangetoon onder ander dienste, die segment wat verantwoordelik is vir die administrasie van die belegging in die geassosieerde.

Inligting oor geografiese gebiede (paragraaf .31 en .32)

Die meeste van die entiteit se bedrywighede is in die Gauteng-provinsie, maar as deel van 'n hulpprogram het hy ook fasiliteite in Oos-Afrika tot stand gebring vir die voorsiening van sekondêre onderwysdienste. Die totale koste van dienste wat in Oos-Afrika gelewer word, is R5 miljoen (R4 miljoen in 20X1). Die totale drabedrag van die onderwysfasiliteite in Oos-Afrika is R3 miljoen (R6.5 miljoen in 20X1). Daar was geen uitgawes vir die verkryging van kapitaalbates in Oos-Afrika gedurende 20X2 of 20X1 nie. Inkomste word nie per geografiese gebied toegedeel nie.

Die tabel hier onder dui die uitgawes aan wat in die onderskeie streekgebiede aangegaan is ná die uitskakeling van intersegmentoordragte.

R'000	20X2	20X1
<i>Gauteng-provinsie</i>		
Streek A	44	41
Streek B	19	16
Streek C	28	24
<i>Subtotaal</i>	91	81
<i>Buitelandse uitgawes – Oos-Afrika</i>	5	4
<i>Totale segmentuitgawes</i>	96	85

Bylae 2 – Gevolglike wysigings aan Standaarde van AERP

Die doel met die bylae is om die gevolglike wysigings aan die ander Standaarde van AERP wat uit die uitgawe van hierdie Standaard voortspruit, te identifiseer.

Die gewysigde teks word getoon met die nuwe teks onderstreep en geskrapte teks deurgehaal.

Wysigings aan ander Standaarde van AERP

Die Standaard van AERP oor *Kontantvloestate* (uitgegee 2010)

A1. Wysig die volgende paragraaf in AERP 2

- .51 Om die finansiële stand en likiditeit van 'n entiteit te verstaan, kan bykomende inligting vir gebruikers van belang wees. Openbaarmaking van hierdie inligting, tesame met kommentaar deur die bestuur, word aanbeveel en kan die volgende behels:
- (a) die omvang van onbenutte leningsfasiliteite wat vir toekomstige bedryfsaktiwiteite en om kapitaalverpligtinge na te kom, beskikbaar mag wees, met aanduiding van enige beperkings op die gebruik van daardie fasiliteite;
 - (b) die totale kontantvloei van elkeen van die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite wat verband hou met belange in gesamentlike ondernemings waaroor deur middel van eweredige konsolidasie verslag gedoen word; ~~en~~
 - (c) die omvang en aard van beperkte kontantsaldo's; en
 - (d) die omvang van die kontantvloei wat voortspruit uit die bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite van elke rapporteerbare segment (kyk die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening*).

Grondslag vir gevolgtrekkings

Die grondslag vir gevolgtrekkings bevat die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die verwerping van bepaalde oplossings wat met die openbaarmaking van segmentinligting verband hou. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel hierdie Standaard, maar is nie deel daarvan nie.

Inleiding

Benadering deur die Raad aanvaar

- BC1. Die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* wat in 2005 uitgegee is, berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Segment Reporting* (IPSAS 18) wat deur die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Hierdie Standaard is nog nie vir implementering goedgekeur nie.
- BC2. In September 2007 het die International Accounting Standards Board 'n hersiene Standaard oor Segment Reporting (IFRS 8) uitgegee. IFRS 8-vereistes is gegrond op inligting oor komponente van die entiteit wat deur die bestuur gebruik word by die neem van besluite oor bedryfsaangeleenthede. IFRS 8 het die vereiste van onderskeiding tussen primêre en sekondêre segmente uitgeskakel; dit het die begrip *bedryfsegmente* bekendgestel; en dit het metingsvereistes wat voorheen by IAS 14 ingesluit was, vereenvoudig. IFRS 8 het ook vereiste openbaarmakings oor inligting rakende produkte en dienste, geografiese gebiede en groot kliënte bekendgestel.
- BC3. In November 2009 het die Raad besluit om AERP 18 te hersien ten einde dit te vereenvoudig. Die Raad het besluit om hierdie wysigings hoofsaaklik op IFRS 8 te baseer. Nuwe openbaarmakingsvereistes sou nie ingestel word nie, tensy daardie inligting geredelik beskikbaar sou wees en deur die bestuur gebruik sou word vir besluitnemingsdoeleindes, tensy die koste van openbaarmaking buitensporig sou wees.
- BC4. Die titel van die Standaard is nie gewysig nie, aangesien die IASB se benadering om na "Operating Segments" te verwys, nie die benadering wat die Raad betreffende die omskrywing van segmente aanvaar het, weerspieël het nie.

Omvang

- BC5. Die Raad het nie die trefwydte van AERP 18 (2005) gewysig nie, aangesien alle entiteite wat Standaarde van AERP toepas, openbaar aanspreeklik is. IFRS 8 se trefwydte is nie vir openbaresektor-entiteite toepaslik nie.

Identifisering van rapporteerbare segmente

- BC6. Die Raad het die omskrywing van 'n segment in IFRS 8 gewysig om die gedagte in te sluit dat 'n segment 'n aktiwiteit van die entiteit is waarvan toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word, eerder as 'n komponent

van die entiteit wat inkomste kan verdien en uitgawes aangaan, wat vergelykbaar is met AERP 18 (2005). By die identifisering van segmente in die openbare sektor besef die Raad dat prestasieoorsig van 'n segment bestaan uit sowel die kwaliteit- as die kwantiteitselement. As gevolg daarvan verwys die omskrywing van 'n segment na die oorsig van “resultate” eerder as “bedryfsresultate”.

- BC7. Die Raad het nie die drempelbenadering in IFRS 8 gevolg om rapporteerbare segmente te identifiseer nie. Die Raad is van oordeel dat die drempelbenadering die nie-openbaarmaking van tersaaklike inligting in die openbare sektor tot gevolg kan hê.
- BC8. Die Raad is ook van oordeel dat ofskoon dit nuttig is om bepaalde segmente saam te voeg, die maatstawwe in IFRS 8 nie in die openbare sektor bruikbaar is nie. Die samevoeging van segmentinligting kan veral behulpzaam wees waar daardie segmente betrekking het op die bereiking van dieselfde doelwitte, of die doelwitte baie vergelykbaar is en die saamvoeging van openbaarmakings nie inligting wat by besluitneming nuttig kan wees, in gevaar sal stel nie. Die Raad het die maatstawwe in IFRS 8 vir openbaresektordoeleindes gewysig.

Algemene openbaarmakingsvereistes

- BC9. Die Raad het die algemene openbaarmakingsvereistes van IFRS 8 aanvaar, maar het dit om openbaresektorspesifieke redes gewysig. IFRS 8 fokus op inkomstegenereringsaktiwiteite. Hoewel inligting hieroor tersaaklik is, stel openbaresektorentiteite meer belang in die uitgawe per segment. Die vertroue op begrotingstoewysings en ander inkomste uit nie-uitruiltransaksies is meer tersaaklik.

Openbaarmakings oor entiteite

- BC10. Die Raad was nie van oordeel dat die openbaarmakings oor entiteite heen soos in IFRS 8 in die vooruitsig gestel, in die openbare sektor waarde sou toevoeg nie. Die goedere en dienste wat 'n entiteit lewer, maak deel uit van sy mandaat en die vertroue op 'n groot “inkomstebron” is algemeen in die openbare sektor. Die gebruikers van die finansiële state is reeds hiermee vertrouwd wanneer 'n entiteit se finansiële state geëvalueer word. Die Raad was ook nie van oordeel dat die IFRS-vereiste om slegs oor “buitelandse teenoor binnelandse inkomste” verslag te doen, relevant is nie, aangesien die meeste entiteite slegs binnelands sake doen.
- BC11. As gevolg daarvan het die Raad die IFRS 8-openbaarmakingsvereiste vir geografiese gebiede as meer relevant vir die plaaslike behoeftes van gebruikers van finansiële state aanvaar en nie inligting oor produkte en dienste of inligting oor groot klante vereis soos in die IFRS as vereiste gestel nie.

Vergelyking met die International Financial Reporting Standard oor *Operating Segments* (November 2006)

Die Standaard van AERP oor *Segmentverslagdoening* (2010) berus hoofsaaklik op die International Financial Reporting Standard oor *Operating Segments* (IFRS 8). Die vernaamste verskille tussen hierdie Standaard en IFRS 8 is soos volg:

- Die trefwydte van hierdie Standaard verskil van dié van IFRS 8 deurdat alle entiteite wat Standaarde van AERP toepas, segmentinligting aantoon as hulle segmente het.
- Terminologie en voorbeelde is aangepas om redes wat spesifiek op die openbare sektor betrekking het en met die oog op belyning met ander Standaarde van AERP. Voorbeelde:
 - die naam van hierdie Standaard is “Segmentverslagdoening” en nie “Bedryfsegmente” nie;
 - die Standaard verwys na “segmente” en nie “bedryfsegmente” nie, en die term “hoofbedryfsbesluitnemer” is vervang deur “bestuur”. Die verbandhoudende riglyne is geskrap of gewysig aangesien Standaarde van AERP reeds “bestuur” omskryf;
 - “moedermaatskappy” is vervang deur “beherende entiteit”, “groep” deur “ekonomiese entiteit”, “staat van omvattende inkomste” deur “staat van finansiële prestasie”, “wins of verlies” deur “surplus of tekort”, “produkte en dienste” deur “goedere en/of dienste”; en
 - die toepassingsriglyn is vervang deur ’n voorbeeld uit die openbare sektor.
- Die manier waarop segmente vir verslagdoeningsdoeleindes geïdentifiseer word, is aangepas om te voldoen aan die vereistes van ’n openbaresektorperspektief.
- Die omskrywing van ’n segment verskil van dié van ’n bedryfsegment in IFRS 8. ’n Segment verwys na ’n “aktiwiteit” teenoor ’n “komponent” van ’n entiteit wat “ekonomiese voordele en dienspotensiaal genereer” teenoor “inkomste verdien en uitgawes aangaan”, en waarvan “resultate” gereeld deur die bestuur nagegaan word teenoor die beoordeling van “bedryfsresultate”. Die woord “discrete” is vervang deur “afsonderlik” (“separate”).
- Die aggregasiemaatstawwe is gewysig en die Standaard sluit nie die drempelbenadering in IFRS 8 in nie.
- Hierdie Standaard maak verslagdoening oor veelvuldige segmente of aanvaarding van ’n grondslag van primêre en sekondêre segmente moontlik.
- Die algemene openbaarmakingsvereistes is aangepas om die openbaarmaking van nie-uitruilinkomste in te sluit.
- Hierdie Standaard vereis dat geografiese inligting per geografiese gebied openbaar gemaak word vir inkomste (uitruil- en nie-uitruiltransaksies), uitgawes en bates. IFRS 8 vereis slegs ’n onderskeid tussen nasionale en buitelandse inkomste en bates. Die



AERP 18

ander openbaarmakings oor entiteite heen in IFRS 8 word nie in hierdie Standaard vereis nie.

- Oorgangsbepalings na hierdie Standaard word anders hanteer as in IFRS 8.